



GEBEDSKALENDER

AUGUSTUS 2020

1 | WÊRELDWY E LIGGAAM VAN CHRISTUS

Geen persoon is onaangeraak gelaat deur die koronavirus-pandemie nie. Bid dat ons, as die Liggaam van Christus, sal vashou aan die hoop wat ons in Hom het en dat ons gedurende hierdie tyd Sy ambassadeurs sal wees vir diegene rondom ons.

2 | NOORD-KOREA

Te midde van die COVID-19-uitbreking, het Geopende Deure-werkers soos Matthew* besluit om in die gebied van China aan te bly wat aan Noord-Korea grens, om na die skuilhuise vir Noord-Koreaanse vlugtelingte om te sien. Bid dat God getroue werkers soos hy sal beskerm en seën.

3 | ALGERIË

Talle kerke is weens regeringsregulasies gesluit. Selfs meer is nou gesluit en aktiwiteite is gestaak weens die koronavirus-krisis. Bid vir gelowiges wat hulself in reaksie op die huidige situasie moet herorganiseer.

4 | IRAK

Daniel, h kerkleier, sê: "Irak het h swak gesondheidstelsel. Die enigste manier om veilig te bly, is om by die huis te bly." Bid vir goeie gesondheid vir die mense van Irak, asook vir die beskerming van mediese personeel wat siek pasiënte behandel tydens die pandemie.

5 | INDIË

Talle studente is bekommerd oor hul toekoms omdat hul eksamens weens die pandemie gekanselleer is. Bid dat die Here vir hulle vrede sal gee en dat die koronavirus onder beheer gebring sal

"Omdat jy die Here as skuilplek geneem het, die Allerhoogste as jou beskermmer, sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie. Hy sal Sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan."

Psalm 91:9-11

INDIË vervolg

word sodat studente eksamens kan aflê.

6 | MIANMAR Dissipelskapsopleiding moes weens die pandemie uitgestel word. Bid dat Geopende Deure se plaaslike vennote in staat sal wees om hierdie opleiding in die komende maande te hervat. Bid ook dat die Here gelowiges teen die virus sal beskerm.

7 | SUIDELIKE FILIPPYNE Die pandemie beïnvloed ons werk in hierdie land. h Spanlid het gedeel: “Dit is vir ons h uitdaging om opleiding en seminare wat alreeds beplan is, te herskeduleer. Ons het wysheid en leiding nodig vir dit wat nog voorlê.” Bid vir wysheid en bemoediging vir die span.

8 | BHOETAN Kerke in sentraal-suidelike Bhoetan word deur die owerhede dopgehou en gemeentelede word verhoed om bymekaar te kom. Bid dat God vir hulle wysheid sal gee en dat Hy geleenthede sal skep om bymekaar te kom.



9 | CHINA Nazar* het haar bene vroeër vanjaar in h motorongeluk beseer en moes noodchirurgie ondergaan. Dit sal tyd neem voordat sy weer behoorlik sal kan loop en sy sterk dus tuis aan. Bid dat sy volkome en spoedig sal herstel.

10 | BROENEI Een van die uitdagings vir die Kerk in Broenei is dat baie jong Christene die land verlaat weens die gebrek aan geleenthede. Dit lei tot kommer oor hoe toekomstige leierskapsrolle in die Kerk vervul gaan word. Bid vir wysheid te midde van hierdie bekommernisse.

11 | INDONESIAÏ Budi*, h jong prediker, deel die Evangelie met Moslems en meer as 70 mense het al deur sy bediening tot geloof gekom. Bid vir God se beskerming en seën oor hom terwyl hy God se liefde en lig laat skyn.

12 | MALEISIË Ons vennote wil h soortgelyke jeugkamp aanbied as een wat in h ander land h groot impak op talle lewens gehad het. Bid vir God se wysheid terwyl hulle die jeugkamp organiseer en fasiliteer.

13 | SRI LANKA “Ons mense hoor van gelowiges wat fisies aangeval word. Kerke word ook gedurig dopgehou,” deel een van ons vennote. Bid vir God se beskerming oor alle pastore en gelowiges wat h toename in weerstand ervaar, veral dié in Boeddhistiese dorpe.

14 | MALEDIVE h Ongepubliseerde 2009-studie oor geweld teen kinders verklaar dat een uit elke sewe hoërskoolkinders in die land seksueel misbruik is. Bid dat God hom sal ontferm oor elke kind wat misbruik is en dat Hy die kinders in die Maledive teen sulke gruweldade sal beskerm.

15 | SUIDELIKE FILIPPYNE Nadat Laura, h oorlewende van die 2019-bomaanvalle in Jolo, h trauma-sessie bygewoon het, wat deur Geopende Deure-vennote aangebied is, het sy gesê: “Nou dat ek by die sessie aangesluit het, voel ek verlig.” Bid dat nog meer mense

SUIDELIKE FILIPPYNE **vervolg**

deur hierdie sessies toegerus sal word om traumatiese gebeure te verwerk.

16 | VIËTNAM Kinders se geestelike identiteit word tussen die ouderdomme van ses en nege gevorm, en gevestig teen die tyd wat hulle 13 jaar oud is. Daarom is dit die beste tyd om hulle aan God en Sy Woord bekend te stel. Bid dat somer-Bybelkampe wat deur Geopende Deure ondersteun word, kinders in hul geestelike groei sal help.

17 | LAOS 'n Groep van tien nuwe gelowiges is verlede jaar deur die dorpshoof en ouderlinge ontbied. 'n Paar het hul nuutgevonde geloof weer verwerp uit vrees dat hulle hul huise sou verloor. Diegene wat nie hul geloof verwerp het nie, word sosiaal geboikot. Bid vir voortdurende beskerming en voorsiening vir hulle.

18 | INDIË Mahesh*, wat Jesus onlangs as sy Verlosser aangeneem het, word weens sy geloof verwerp deur sy familie. Sy familielede, veral sy seuns, is beledigend teenoor hom. Bid vir troos en bemoediging vir hom. Bid ook dat sy familie en gemeenskap die liefde van God sal leer ken.

19 | NEPAL Wanneer Christene in afgeleë dorpe vervolg word, is dit soms moeilik vir ons plaaslike vennote om vinnig by hulle uit te kom. Bid vir die Christene in hierdie dorpe, dat God hulle sal versterk en in hul behoeftes sal voorsien.

20 | TADJIKISTAN Bid voortdurend vir die kerk wat voorheen deur pastoor Bahrom Kholmatov gelei is. Hulle sukkel steeds met regs-kwessies oor die beslaglegging van hul kerkgebou. Bid vir krag vir hierdie gemeente en dat hulle binnekort hul gebou sal terugkry.

21 | OESBEKISTAN Zarif, Amina en Madina is 'n paar maande gelede deur hul oom aangerand omdat hulle Christene geword het. Bid vir hierdie kinders en hul dowe ouers, wat die gevaar loop om weer aangerand te word en deur hul Moslem-familielede onder druk geplaas te word om terug te keer na Islam.

22 | KAMEROEN 'n Gelowige vanuit 'n Moslemagtergrond, Bouba (40), staar radikale uitsluiting van sy familie in die gesig weens sy geloof. Bid dat hy meer vriende in Christus sal vind om vir hom 'n ondersteuningstelsel te wees en dat sy verhouding met sy familie herstel sal word.



23 | CHAD Achiam*, 'n 20-jarige blinde vrou en die enigste gelowige in haar dorp, het al baie uitdagings ervaar weens haar geloof. Sy vra vir gebed vir haar studies, siende sy vanjaar haar gevorderde eksamen skryf. Sy vra ook vir gebed vir haar familie om Christus te leer ken.

24 | IRAN Onenigheid tussen die regering en burgers raak erger. Al meer mense bied weerstand teen die regering se boodskap van haat teenoor die Weste. Bid vir diepgewortelde liefde om in mense se harte te groei in plaas van haat, en dat Christene die leiding sal neem om hierdie liefde te versprei.

25 | MALEISIË Die koning van Maleisië, Yang Di-Pertuan Agong, het verlede maand sy verjaardag gevier. Bid asseblief vir die koninklike familie en die owerhede wat hierdie nasie moet lei. Bid dat hulle wysheid sal hê, asook h begeerte om hul mense goed te dien.

26 | JEMEN Indien die oorlog in Jemen aanhou, sal dit die wêreld se armste land word. Prys die Here dat gelowiges ondanks die oorlog in hul geloof kan groei. Hou aan om vir hulle te bid, asook vir h einde aan die oorlog en swaarkry.

27 | SAOEDI-ARABIË Ons prys God vir Saoediërs wat vroe oor geloof vra. Daar is egter nie genoeg gelowiges in dié land met wie hulle in verbinding kan tree nie. Bid dat God werkers vir hierdie bediening sal voorsien.

28 | GOLF Sommige Christelike gesondheidswerkers in die Golf-streek word beskermende kleredrag geweier terwyl hulle na koronavirus-pasiënte omsien. Te danke aan die ondersteuning van ons vennote kan ons aan hulle dié klere voorsien. Bid dat God hulle sal seën vir die werk wat hulle doen, ondanks die risiko vir hul eie gesondheid.

29 | TADJIKISTAN Kerkleiers is deur die owerhede beboet omdat hulle besig is om die Bybel te vertaal. Dié boetes is meer as wat hulle kan bekostig. Bid vir voorsiening vir hulle om die boetes te kan betaal.

30 | TUNISIË Rania* het 'n klein onderneming begin om haarself finansiële te onderhou. Bid dat sy suksesvol sal wees en dat die Here haar onderneming tot Sy eer sal gebruik.

31 | SENTRAAL-ASIË Anastasia*, die leier van 'n huiskerk, het verlede jaar begin om geestelike byeenkomste vir vroue en hul kinders in die berge te hou. Bid dat familiebande herstel sal word en dat vroue deur hierdie byeenkomste heelgemaak sal word. Bid vir veiligheid, dat die geheime polisie nie van hul aktiwiteite sal uitvind nie.



SEPTEMBER 2020

1 | AFRIKA Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond is kwesbaar omdat hul families en gemeenskappe hulle verwerp. Bid dat ons geldelike ondersteuning hierdie gelowiges sal help om 'n bestaan te maak om vir hul families te kan voorsien.

2 | MIANMAR Loof die Here vir die lewensbestaan-program in Mianmar wat gelowiges help om slimmer op hul plase te werk. Bid vir God se seën op elkeen wat dié opleiding ontvang het en dat meer gelowiges hierby sal baat.

3 | BANGLADESJ Radha (18) is in April seksueel geteister deur 'n plaaslike Moslem-man genaamd Sagar (19). Radha se familie en ander Christene vrees vir hul vroue en kinders se veiligheid omdat Sagar voorheen 'n gestremde vrou in die dorp verkrag het. Bid vir beskerming vir al hierdie gelowiges.

4 | INDONESIAË Pastoor Anto* (57) het aktief betrokke geraak by evangelisasie onder onbereikte groepe nadat hy 'n *Standing Strong Through the Storm*-seminaar bygewoon het. Bid dat God hom sal seën met volgehoue goeie gesondheid, wysheid en krag om hierdie werk te doen.

5 | KAMEROEN Boko Haram het sy teikengebied na Kameroen uitgebrei. In laat 2015 het die enigste tuiste wat sommige Christene in die verre noordelike streek van die land geken het in 'n oorlogsone verander. Bid vir beskerming sodat hulle kan voortgaan om Christus se getuies in hierdie streek te wees.

6 | BROENEI Hou asseblief aan om vir jong gelowiges in Broenei te bid. Bid dat God volwasse Christene in hul lewens sal inbring, om hulle te bemoedig en te help om in hul reis te groei tot volwasse Christene wat die lig van Christus in hul land laat skyn.

7 | VIËTNAM Prys God vir 7 000 stamgelowiges wat vroeër vanjaar 'n familie-opleidingsprogram bygewoon het. Bid dat hierdie gelowiges dit wat hulle geleer het sal uitleef en dat dit hulle sal help om as families en as die Liggaam van Christus nader aan mekaar te kom.



8 | MALEDIVE Byna al die gelowiges in die Maledive is buitelandse werkers vanuit Sri Lanka en Indië. Hulle ontmoet meestal in klein slaapkamers, waar sowat 30 mense of selfs meer ingedruk word. Bid dat die Woord van God sal versprei sodat meer mense die Evangelie sal hoor.

9 | LAOS Talle leiers van huiskerke is bekommerd dat die regering se implementering van strenger regulasies tydens COVID-19 gelowiges kan verhoed om bymekaar te kom. Bid dat hierdie pandemie nie deur die regering gebruik sal word om Christene te vervolg nie.

10 | NOORD-KOREA Noord-Korea het vroeër vanjaar, toe COVID-19 die wêreld getref het, voortgegaan om hul grense teen enige potensiële besmetting te beskerm. Ongelukkig begin voedselvoorrade nou opraak. Bid dat God vir gelowiges in die land sal voorsien gedurende hierdie chaotiese tyd.



11 | CHINA China probeer om jongmense onder 18 van die kerklewe en blootstelling aan die Evangelie te vervreem. Geopende Deure het 'n veldtog begin om kerke toe te rus met kreatiewe maniere om jongmense vir Jesus te bereik. Bid vir ons kerkvennote, wat ons help om materiaal vir hierdie doel te ontwikkel.

12 | TADJIKISTAN Bayram*, 'n soldaat in die staatsweermag, se kakebeen is gebreek toe hy deur ander soldate aangerand is omdat hy 'n Christen is. Hy kan nie die weermag in die volgende paar maande verlaat nie. Bid vir volgehoue genade en beskerming oor hom.

13 | INDIË Sonia* het Christus drie jaar gelede aangeneem. Dit het daartoe gelei dat haar pa nie met haar praat nie, omdat hy weier om haar Christenskap te aanvaar. Sy vra dat ons vir haar ouers bid om Christus ook as hul Verlosser te leer ken.

14 | NIGERIË Mary Andimi se man, eerwaarde Lawan Andimi, is in Januarie deur vermeende Boko Haram-militante ontvoer en na drie weke van gebede en onderhandelinge doodgemaak. Bid vir die Here se wysheid en leiding terwyl Mary voortgaan om vir haarself en haar kinders 'n nuwe lewe te bou.

15 | KENIA Die Garissa Universiteit is in April presies vyf jaar gelede deur Al-Shabaab aangeval. Dank God vir Sy genade teenoor die oorlewendes en die genesing wat hulle ervaar het. Van hulle is egter na al die jare steeds werkloos. Bid dat die Here hulle van werk sal voorsien.

16 | WES-AFRIKA Youssouf (29) was 'n invloedryke imam-vegter in 'n Islamitiese rebellegroep. God het hom deur 'n droom tot geloof gebring. Sy stoere Moslemfamilie weet nie dat hy tot bekering gekom het nie. Bid vir sy geestelike groei en dat hy 'n lewende getuie is vir sy familie sal wees.

17 | SOMALIË In Somalië word mense wat vermoedelik Christene is voortdurend dopgehou. Indien daar enige twyfel oor hul toewyding aan Islam is, word hulle aanlyn blootgestel. Bid vir die Here se beskerming oor die klein geheime gemeenskappe van gelowiges in dié land.



18 | ERITREA Faven*, h ma van vier, het haar man vroeg in 2019 verloor toe hy in h afgeleë tronk dood is. Bid vir die Here se volgehoue vertroosting en voorsiening vir Faven, wat steeds baie sukkel om vir haarself en haar kinders te voorsien.

19 | ISRAEL EN PALESTINA Dank God vir inisiatiewe om arm en behoeftige mense in Israel en Palestina te help wat nie vir hul families kan voorsien nie, omdat hulle hul inkomste verloor het. Bid dat God die talle aanlyn-kerkaktiwiteite sal gebruik om hulle te bemoedig.

20 | SIRIË h Christen van die Midde-Ooste deel: "Dit is asof genade, liefde en vrede verdwyn het, en mense sien net die aaklige eienskappe van die mensdom. Die oorlog is lelik!" Bid saam met hierdie Christene dat genade, liefde en vrede na Sirië sal terugkeer.

21 | LIBANON Die situasie in Libanon is steeds gespanne en Libanese burgers het alle hoop verloor vir hul finansiële geruïneerde land. Bid saam met die Libanese dat h leier na vore sal tree wat vir God lief is en geregtigheid wil sien.

22 | IRAK Diegene wat steeds in tente en woonwaens bly, het weinig middele om hulself en hul families teen besmetting met die koronavirus te beskerm. Bid dat God hulle gedurende hierdie tyd sal beskerm en vir hulle en hul families sal voorsien.

23 | ARABIESE SKIEREILAND Niemand weet waar Husani* gevange gehou word of vir hoe lank al nie. Bid dat sy verhouding met God sal verdiep en dat hy nie-gelowiges sal kan dien in die plek waar hy is. Bid ook vir sy vrylating.

24 | EGIPT Talle Christene wat aangeval word, moet toekyk hoe die oortreders skotvry daarvan afkom. Die resultaat is dat gelowiges soos Nuri geen geregtigheid sien vir haar man se moord nie. Bid vir geregtigheid vir die talle gelowiges wat aangeval word of geliefdes verloor.

25 | MAROKKO Farida* se man het haar weens haar geloof verlaat. Bid dat sy nie haar jong seun ook sal verloor nie. Bid ook dat God aan haar wysheid sal gee en in al haar behoeftes sal voorsien, aangesien sy vir Hom leef.

26 | MAURITANIË Verskeie gelowiges in Mauritanië staan geregtelike aanklagte in die gesig omdat hulle van laster beskuldig word. Bid vir h regverdige verhoor en dat die waarheid sal seëvier. Bid ook dat hulle wysheid sal hê wanneer hulle in hul hofsake moet getuig.

27 | NOORD-KOREA 'n Geestelike deurbraak het in 1907 in Noord-Korea plaasgevind, maar alles het verander toe Kim Il-Sung in 1945 aan bewind gekom het. Die Christelike gemeenskap word sedertdien onderdruk. Bid dat h geestelike herlewing weer in dié land sal plaasvind.

28 | MIANMAR 'n Intensiewe oorlog tussen regeringstroepen en die Arakan-weermag in die Rakine-staat hou al sedert die begin van die jaar aan. Mense in die konfliksones, insluitende Christene, leef in vrees. Bid vir God se beskerming oor Christene in hierdie gebied.

29 | LIBIË Maisa* het huweliksprobleme weens haar Christelike geloof, omdat haar man nie h gelowige is nie. Bid dat God vir haar sal intree en dat haar man Christus as sy persoonlike Verlosser sal leer ken deur haar getuigenis.

30 | PERSIESSPREKENDE WÊRELD Sommige gelowiges kan nie bymekaar kom vir samesyn of om in hul verhouding met mekaar en met Christus te groei nie. Hulle het God se krag nodig. Bid dat God by hulle sal wees en dat hulle Sy teenwoordigheid sal aanvoel.



*Name verander en verteenwoordig foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

Vervolg  Maar nooit alleen.



Geopende Deure

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

www.opendoors.org.za
Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org